**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**



# Die Basuin

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

**14 APRIL 2019**

**Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD**

**OGGENDEREDIENS** — **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** — Sag 9: 1- 10; Luk 19: 28 - 44

**Tema** — Jubel Sion, Juig Jerusalem



Lied 190: 1, 3 (vooraf);
Ps 146: 1, 8;
Ps 31: 17;
Ps 48: 4;
Ps 33: 1, 6;
Sk 2-4: 1, 3

**EREDIENSTE VANDAG:**
Oggend: 09H00
Aand : 18H00

Die profesie van die Here gaan in vervulling deur die koms van Jesus na Jerusalem. Hy ry op die rug van 'n jong donkiehingsvul. Die volk jubel en juig. Die Redder gaan nou redding bring. En tog verstaan die inwoners alles verkeerd: God se redding loop oor Golgota en deur die graf. Die Here se verlossing het konsekwensies vir ons lewe vandag, maar is nie aards nie. Ons is met groot vreugde voluit oppad na die Koning van alle geskape dinge.

**AANDEREDIENS** — **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** — Eks 12: 1 - 16

**Tema** — Paassangdiens

God stel die Pasga in. Terwyl Egipte die doodsplaag ondervind, is die eersgeborenes van Israel deur bloed verlos. Deur gehoorsaam te wees aan God se opdrag en deur geloof in Sy belofte om hulle te bewaar, is Israel van die dood gespaar. Christus vervang die Ou Testamentiese lam wat gedurende Pasga in die aand geëet word. Die Nuwe testamentiese simbole van brood en wyn is ingestel, sodat christene die liggaam van Christus, die ware lam van God, kan eet en drink tot herinnering aan God se genade.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **14 April** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Emeritaatsversorging |
| **14 April** | **19h00** | Aktiwiteitskommissievergadering | |

# KATKISASIE



Daar is katkisasie direk na die erediens. Al die jongmense moet asseblief in die konsistorie bymekaar kom vir die opening.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 14 APR 2019

**Diensbeurt:** Wyk D4 **Katkisasie:** Graad 9

**Ouderling:** Braam Schutte **Diaken:** Niekie vd Walt

# OOG VIR MEKAAR

- Baie geluk aan ouers en oupas en oumas wie se kinders en kleinkinders die afgelope tyd graad ontvang het.

Ons dink aan die volgende lidmate:

- Cecelia Greyling is besig om te herstel na haar operasie
- Daleen Korff sien weer die dokter
- Lida en Piet Borman word die genade van die Here toegebid tydens die behandeling
- Hennie Oelofse wat Maandag en Dinsdag weer behandeling ontvang
- Tannie Annatjie Korff en oom Buks het ons voorbidding nodig om nou die genadepad van die Here te loop
- Joey Smit het geval en haar bobeen gebreek. Ons bede is dat sy vinnig tuis sal wees om aan te sterk na die operasie
- Ons bid vir almal wat donker en moeilike tye beleef. Mag God julle deur Sy Heilige Gees lei en julle die krag gee om staande te bly en uiteindelik die lig in Christus te omhels.
- Dankie aan almal wat so mooi reageer het op die versoek van die susters vir hulp en bestellings vir die Padkafee
- Komende Vrydag en Sondag is daar gesamentlike dienste in ons kerkgebou om 09:00

# DOPPERPADKAFEE - 12 APRIL 2019

Die Susters wil almal bedank wat gehelp het om die dopperpadkafee 'n reuse sukses te maak. Almal se skenkings, donasies en hulp word opreg waardeer.

## BEDANKINGS

- Ons en ons werkers sê dankie aan Andre Bakker vir die audiodagstukke in Sotho wat hy so getrou uitstuur. Ons werkers begin die dag met Bybel lees en gebed en die dagstukkies is die hoogtepunt van die week. Dawn en Fanie Hattigh
- Ek en Frikkie wil aan elke lidmaat bedank vir al die boodskappies en vir die geskenke en die blomme, kuiertjies tydens my herstel van die operasie. Baie dankie Frikkie & Cecelia Greyling.

## SUSTERS

- Sustersaksie Dinsdagaand 16 April om 18H00 by die kerk.
- Blok A wil die susters bederf met 'n heerlike aand. Kom luister na die bekende Chrissie Blignaut se humoristiese voorlesing. Benissa Ludick gaan vertel hoe om vrou, ma en beroepsvrou te wees en jouself te versorg.
  Ons sluit af met heerlike gevulde pannekoeke, tee en koffie.
  Skryf asb. Jou naam op die kennisgewingbord as jy wil bywoon.
  Hoop ons sien jou daar !

## TEESKINKBEURTE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **14 April** | Anna Nel | C3 | **21 April** | Ina Buys | D1 |
| | Elmari vd Merwe | C3 | | Annemarie du Plessis | D1 |
| | Esther Bornman | C4 | | Zani Prinsloo | D1 |
| | Ane Lourens | C4 | | Estelle Adams | D1 |
| | Elzje vd Walt | C4 | | Anneke Swanepoel | D1 |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## LIDMATE VERTREK

Sr. Lana Steyn vertrek na APK Pietersburg

Br. Gustav Coetsee vertrek na GK Laeveld (Tzaneen)

## BEDIENING AAN VRAGMOTORBESTUURDERS

Die evangelisasiekommissie is besig om maniere van bediening aan vragmotorbestuurders, vir wie Polokwane 'n deurgang en stopplek is, te ondersoek. Ons is opgewonde oor die geleenthede wat die Here reeds besig is om te skep om die evangelie aan hierdie mense te bedien. Bid asseblief saam met ons en hou die Basuin dop vir verdere nuus!

Vir navrae of voorstelle kontak Andre Bakker (083 457 1711) of Esmari Potgieter (083 446 5511).

## GOEIE VRYDAG GESAMENTLIKE DIENS

Gesamentlike diens by Pietersburg gemeente om 09h00 deur Ds Sarel Venter.

## OUDIODAGSTUKKE

Daar is oudiodagstukke vir huisbediendes en werkers in Engels/Sotho beskikbaar.

Indien u belangstel, kontak André Bakker per whatsapp 083 457 1711.

## GESKIEDENIS VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN PIETERSBURG.[12]

Die gemeente Pietersburg-Suid kom tot stand op 28 November 1976 op ‘n afstigtingsvergadering onder die voorsitterskap van ds. L.D. Aucamp wat toe die predikant van Pietersburg-Noord was. Die vergadering word bygewoon deur deputate van Potgietersrus en Potgietersrus-Wes.

Na die afstigting word daar ‘n nuwe kerkraad saamgestel en vir die eerste paar Sondae word daar nog saam met die Pietersburg gemeente eredienste in hulle kerkgebou gehou.

Kort hierna besluit die kerkraad om te beroep en die gemeente beroep prop. A.H. Grove as die gemeente se eeste predikant. Ds. Grove word in Februarie 1977 in die gemeente bevestig.

Met die afstigting van Pieterburg-Suid is daar besluit dat die kerkgebou van Pietersburg vir eers gedeel sal word tussen die twee gemeentes. Daar is in die oggende twee afsonderlike eredienste gehou, en ‘n gesamentlike aanddiens. Die gemeente koop kort hierna ‘n pastorie in Sterpark vir ds. Grove.

In Februarie 1981 aanvaar ds. Grove ‘n beroep na Secunda en vertrek op 22 Februarie 1981 uit die gemeente. Hierna beroep die gemeente drie keer voor ds. A.S. Heystek van die Gereformeerde Kerk Daspoort, die beroep na Pietersburg-Suid aanvaar. Tydens sy arbeid het die gemeente gegroei tot 470 belydende lidmate. Teen die einde van 1987 aanvaar ds. Heytstek ‘n beroep na Akasia in Pretoria.

Kort na sy vertrek beroep die gemeente weer en in Januarie 1988 word ds. D.J. de Kock as die gemeente se derde voltydse predikant bevestig. Gedurende die twaalf jaar na afstigting het die Pietersburg-Suid gemeente geleidelik gegroei tot ongeveer 500 belydende lidmate en 300 dooplidmate. Sedert Oktober 1988 het die gemeente ook nie meer van die Pietersburg gemeente se kerkgebou gebruik gemaak nie en is hulle eredienste in die saal van die Pietersburg Laerskool gehou.

Kort na die aankoms van Ds. de Kock in 1988 dien daar ‘n voorstel op die kerkraad vir die bou van ‘n eie kerkgebou. Op 1 Mei 1988 word ‘n boukommissie saamgestel vir die bou van die kerk. Bouwerk aan die kerk begin in 1989 en op 2 Maart 1991 word die nuwe kerkgebou tydens die voorbereidingsdiens vir nagmaal, amptelik ingebruik geneem. Ds. de Kock gaan voor in die erediens en onthul ook die hoeksteen van die kerkgebou. Agter die hoeksteen is daar ook ‘n naamlys van al die lidmate van 1991 ingemessel. Ds. de Kock werk in die gemeente tot 2005 waarna hy ‘n beroep na Krokodilrivier aanneem.

Ds. E. Pretorius as polisiekapelaan, werk ook saam met ds. de Kock van 1997 tot 2000 in die gemeente. Dr. P.C. van der Walt van Phalaborwa word hierna beroep en werk in die gemeente van 2005 tot 2010. Dr. Van der Walt word opgevolg deur ds. P.R. Gouws van 2012 tot 2018. Op 29 Mei 2016 smelt die gemeentes van Pietersburg-Suid en Pieterburg saam as die Pietersburg gemeente met ds. P.R. Gouws en ds. S.P. Venter as predikante.

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Elzanne Botha (076 572 0991 | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER





## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Belydend/ Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| So. - 14 Apr. | Xander Maré | D | 082 318 7263 |
| | Johan Vermeulen | B | 079 478 2785 |
| Di. - 16 Apr. | Santjie Bester | B | 072 122 6051 |
| | Candace vd Walt | B | 082 974 3059 |
| Wo. - 17 Apr. | Nico Jansen van Rensburg | B | 083 704 4119 |
| | Liané Venter | D | 083 397 6685 |
| Do. - 18 Apr. | Hantie Hoogenboezem | B | 082 699 0202 |
| | Nadia Ras | B | 073 904 6601 |
| | Wiekie van Ree | B | 079 507 4563 |
| Vr. - 19 Apr. | Anna du Toit * | B | 083 305 7855 |
| | Anneré Nieuwoudt | B | 071 868 1467 |
| | Anne-Marie vd Walt | B | 078 025 2045 |
| Sa. - 20 Apr. | Jandré de Nysschen | D | 072 112 9324 |
| | Terry Peyper | B | 082 853 6074 |
| | Wickus van Wyk | B | 082 679 2427 |
| | Rinus Wolmarans | B | 082 259 1051 |



## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 20 Apr. 1996 | Jaco & Anna Nel | 23 | 083 337 3486<br>083 696 9089 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Elzánne Botha
015 296 0054

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Elzánne Botha |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Hulle het gesing: Loof die koning, Hy wat in die Naam van die Here kom! Vrede in die hemel en eer aan God in die hoogste hemel !"*

*Lukas 19 : 38*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS